



Die tradisie gaan voort, oplaas, met humor en styl

by Francois Verster for *Bolander*,
March 2009

Die nuwe Kinderverseboek

In 1957 and 1959 het twee digbundels verskyn, saamgestel deur DJ Opperman, nl. “Kleuterverseboek” en “Klein Verseboek” en sedertdien, het Riana Scheepers reeds in 2006 besef, het geen waardige opvolger verskyn nie. Maar dit moes iets wees wat as aanvulling dien en wat sal spreek tot die kinders van die nuwe millenium. Suzette Kotzé-Myburgh is gekies as medewerker - en die uitgewers-ondervinding na jare by Tafelberg voordat sy vryskut geword het, het duidelik vrugte afgewerp as mens na

die pragstuk kyk wat hierdie twee sterk, skeppende vroue geïnisieer, gebou en geslyp het. Balans. Dit is wat uitstaan – balans tussen temas, die graad van ontwikkeling, humor en ernstiger werke. Humor is daar wel heelwat van, want behalwe tema en kwaliteit is gekyk na “plesierigheid.” Daar is genoeg dinge wat kinders kwel; humor verskaf die heilsame invloed om trauma te verwerk – sou dit nodig wees, terwyl onderliggende boodskappe soos goeie maniere, respek vir mens en dier en gesondheidsbewustheid nie hier didakties afgedwing word nie. Die temas is wyd, maar weer is die balans daar: daar is benewens die tradisionele spitsvondighede en dieremaniere (viervoetig en andersins) en populêre dinosourusse en vampiere ook hedendaagse dinge soos rekenaars en SMS’e en elektroniese virusse. Die taalgebruik is meermale funksioneel en realisties – Engelse woorde is soms toegelaat soos spreektaal daar uitsien. Voorkeur is gegee aan humor, ritme en sprankel; uit die meer as 1000 gedigte wat ontvang is, is geweeg en gesif (en dikwels verstel) totdat die samestellers tevrede was. En tevredeheid kom nie vir hulle maklik nie – die bundel is visueel baie aantreklik en intrinsiek ewewigtig; ’n gedugte uitdaging wat deeglik besef, met omsigtigheid benader en myns insiens onteenseglik oorkom is. Kotzé-Myburgh het logika en progressie saamgesnoer van mikro- tot makrovlak: binne afdelings (volgens ouderdomsgroepe, maar ook tematies) loop gedigte van eenvoudiger na ingewikkelder en so vorm die een afdeling op die ander ’n stewige ketting om uiteindelik ’n struktuur te skep wat die toets van die tyd kan deurstaan. Waar Kotzé-Myburgh se ferm hand onmiskenbaar is in hierdie verband, bring Scheepers se oog vir kwaliteit en potensiaal weereens die fyn ewewig tussen logika en spontane,

onblusbare kreatiwiteit. Die samestellers is trots en opgewonde oor hulle skepping en die harde werk en tandekners is reeds vergete. Ook deel hulle vrygewig in die eer wat wel die uitleg-ontwerper en illustreerders toekom – agterin die boek, ná die nuttige indeks-afdeling kan die leser dus kennismaak met die talentvolle span van vyf vroue en ’n man wat hierdie nuwe mylpaal tot stand gebring het.

Vir diegene wat die klassieke Opperman-bundels besit, wees verseker: hierdie een kan sy plek met reg langsaan hulle inneem – ’n drie-enigheid in estetika: selfs daarvoor het Scheepers en Kotzé-Myburgh beplan, want die nuwe boek is in dieselfde grootte en formaat gebind as die eerste uitgawes. Weens die halwe eeu in taal-evolusie tussen-tyds is daar wel ’n ontwikkelingsbreuk in onder andere tydgees en tegnologie, en die verwysings na Husse, Jakkals en Wolf en hande vol vere uit die Hantam vul dalk nie heeltemal hierdie gaping nie, maar dit is beslis nie ’n vingerwysing na die samestellers nie. Inteendeel – sê nou ons moes nog vyftig jaar wag?

Baie, baie geluk ook aan die teksbydraers - van gewillige versmakers uit die volk tot gevestigde name soos Hennie Aucamp, Philip de Vos en Scheepers self het iedereen ’n nuwe steen gelê om Afrikaans se fundamente te verstewig

Liewe Leser, Beste Ouer, dis ’n mooi boek. Neem hom, voel sy soepel gladheid, ruik sy soetsuur ink, weeg sy gewig in gram en heilsaamheid en dan, vóór die kinders hom ontdek; lees hom self!

Uitgewer: Tafelberg; Prys: R195, 00; ISBN-nommer: 978-0-624-04676-9; verkrygbaar by Naspers Boeksentrum, Exclusiv en ander goeie winkels.

590 woorde

Illustrasies:

1. ’n Illustrasie deur Maja Sereda uit die afdeling “Dieremaniere” vir kleuters.
2. Die voorblad van “Nuwe Kinderverseboek.”
3. Die samestellers: Suzette en Riana.